

Lêerno.: 19/2/P
Verwysing: 20240219-1776

Assesseringsbestuursminuut: 0004/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en eksamenkoördineerders en -adviseurs, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Praktiese Asseseringstake vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 2024

1. Inleiding

- 1.1 Die Departement van Basiese Onderwys het praktiese asseseringstake (PAT'e) vir vakke met 'n praktiese komponent opgestel. Hierdie PAT'e maak deel uit van die asseseringsvereistes vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen in 2024, soos uiteengesit in die Kurrikulum- en Asseseringbeleidsverklaring van elke betrokke vak.
- 1.2 Die PAT'e word intern by skole geassesseer en dan ekstern binne die provinsie gemodereer.

2. Vakke wat PAT'e insluit

- 2.1 Landboubestuurpraktyke, Landboutegnologie
- 2.2 Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- 2.3 Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie
- 2.4 Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- 2.5 Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Meganiese Tegnologie, Tegniese Wetenskappe, Tegniese Wiskunde.

3. **Assessering van PAT'e**

- 3.1 Die PAT-riglyne vir 2024 kan afgelaai word deur die volgende skakel te gebruik:
<http://surl.li/qnfxw>
 - 3.2 Die PAT-riglyne moet aan die betrokke vakopvoeders beskikbaar gemaak word sodat hulle hierdie dokumente kan gebruik om gedurende die eerste drie kwartale van 2024 vir die implementering van hierdie assesserings te begroot en te beplan.
 - 3.3 Die betrokke vakadviseurs en senior kurrikulumbepanners sal gedurende die verloop van die jaar ondersteuning bied. Skole moet dus toesien dat die betrokke opvoeders die distriksvergaderings wat oor die assessering en moderering van PAT'e handel, bywoon.
4. Prinsipale en distriksamptenare word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van personeel, ouers en leerders te bring.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2024-02-23